**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 4: PRYSVORMING (3)** (Ewewigsprys)

***MEMORANDUM***

1 **Beskryf die ewewigsprys van 500 gram geslagte hoenders.**

Dit is die prys waarteen kopers bereid is om te koop en verkopers bereid is om te verkoop.

2 **Wat is die implikasie van die ewewigsprys van 500 gram geslagte hoenders vir die hoeveelheid daarvan gevra en die hoeveelheid daarvan aangebied?**

Teen die ewewigsprys word die hoeveelheid wat verkopers op die mark aanbied verkoop. Dit is dieselfde hoeveelheid wat kopers benodig en bereid is om te koop.

3 **Wanneer sal ’n marksurplus vir 500 gram geslagte hoenders ontstaan?**

Wanneer die hoeveelheid wat teen ’n bepaalde prys op die mark aangebied word nie verkoop word nie.

4 **Hoe word die toestand van ’n marksurplus opgelos?**

As die prys van die produk daal.

5 **Verbruikers beskou die prys van R15 wat vir ’n sekere soort botter gevra word as laag en hulle koop baie daarvan. Wat sal mettertyd met die prys gebeur?**

Die prys sal styg.

6 **Sigaretvervaardigers word deur die owerheid verplig om ’n waarskuwing op die verpakking aan te bring dat sigarette skadelik vir die gesondheid is. Wat behoort die invloed daarvan op sigaretverkope te wees?**

Sigaretverkope behoort te daal.

7 **As die prys van sigarette gebruik word om sigaretverbruik te ontmoedig, wat moet met die prys gedoen word?**

Die prys moet verhoog word.

8 **In die praktyk blyk dit dat dit moeilik is om die gebruik van alkoholiese drank en tabakprodukte deur middel van pryse en waarskuwings te verminder. Noem een moontlike rede hiervoor.**

Die produkte is verslawend en mense koop dit ongeag waarskuwings.

9 **Waarom sal tekorte en surplusse van ’n produk altyd opgelos word?**

Die markkragte van prys, vraag en aanbod los dit altyd op.